

GELOOFSOFFERBELOFTE 2026/2027 OMGEEBEDIENING



Die Geloofsofferbelofte vir Omgeebediening gaan daarom dat ek as gelowige:

- 'n Spesiale Dankoffer vir Omgeebediening sal maak in die vorm van
- 'n Bydrae wat ek spesiaal, addisioneel en vrymoedig wil gee vir evangelisasie- en barmhartigheidswerk gemaak gaan word
- sonder dat daardie geld op daardie stadium vir **JOU** beskikbaar is

Die geloofsofferfonds word aangewend vir al die plaaslike barmhartigheidswerk van die gemeente asook om die gemeente se sendelinge te ondersteun met hul bedieninge en barmhartigheidsprojekte. Dit maak dit vir die kerk moontlik om sy primêre taak te kan uitvoer, naamlik: om God se hart, liefde, versorging en verlossing vir die wêreld te bring.

Dit is nie deel van u dankoffer nie, vervang ook nie die dankoffer nie en is nie in die plek van die jaarlikse verhoging van u dankoffer nie!

Die bedrag wat u biddend oorweeg en beloof, is nie noodwendig op daardie stadium vir u beskikbaar nie. Ons wil u vra om in die geloof hierdie pad te stap.

Die volgende aksies word in ons gemeente vanuit die geloofsofferbeloftes en ander gespesifiseerde donasies befonds:

- Jakaranda Kinderhuis (ons is verantwoordelik vir 'n huis met 10-12 kinders se skoolklere, kruideniers, ontspanning en sport)
- Via Nova Projek (toebroodjies tydens pouse 1x per week by Via Nova Skool)
- Westerlig Laerskool in weste van Pretoria (serpe, kos asook skryfbehoeftes)
- Nood Noord van die Berg en ALMA
- Sendinguitreikaksie (Oekraïne, Lesotho, Moldova, Mosambiek)
- Manna van God (Omgee na binne en buite die gemeente aan behoeftiges)

'N DINAMIESE GEESVERVULDE GEMEENTE VOER GOD SE OPDRAG MET OORGAWE UIT !!

Ons glo dat die Here deur sy gemeente Montana 'n verskil in ons omgewing en wêreld maak. Ons word deur God die Heilige Gees geïnspireer om met nog groter entoesiasme en oorgawe gehoorsaam te bly aan Sy roeping vir ons. U Geloofsofferbelofte en betrokkenheid kan in 2026/2027 die gemeente se visie nog verder help uitdra:

DRAERS VAN HOOP MET DEERNIS !!

GELOOFSOFFERBELOFTE

Ek, ..., maak die volgende geloofsofferbelofte :

BEDRAG R_____

Merk duidelik of u die bedrag maandeliks of eenmalig sal gee.

MAANDELIKS

☐

EENMALIG

☐